Besighede vier Valentynsdag

'n Gelukkige Valentynsdag is elke kliënt toegewens van die OK se deli personeel af. Hoe rooier, hoe mooier!

Die werknemers van SPAR Heilbron het op Valentynsdag die kliënte met groot glimlagte en bloedrooi uitrustings ontvang. Daar is lekker opgetof en liefde kon in die lug gevoel word. Op die foto volg voor: Maria Masukela. Agter: Irene Motaung, Josephina Khumalo Libram Mokewna, isabel Bennink, Gladys Nhlapo en Patricia Monyane.

17 de Vegkop Grasren sorg weer vir suksesvolle dag

Na deeglike beplanning en baie insette het Vegkop Grasren vir die 17de keer gesorg vir 'n baie suksesvolle dag. Meer as 700 deelnemers het hul opwagting gemaak, en talle meer mense het die dag kom mee deel.

Die bakkies was gepak van voor na agter om die gesellige dag aan te pak. 4x4 voertuie en motorfietse het vroegoggend al reggestaan om weg te trek. Daar waar dit nie modderig genoeg was nie, het die deelnemers meer modder gemaak.

Die dag het met goeie gees afgeloop. Deelnemers het die ongelooflike, pragtige, skoon natuur baie geniet.

Die hele dag lank het mense gesmul aan die lekkernye wat deur die plaaslike kerke en skole voorsien was, en wat te koop verkry kon word op die Vegkop-terrein.

Heilbronners het verseker hul deel gedoen deur die gaste met eg Heilbron-gasvryheid te verwelkom. Goeie ondersteuning is van Standard Bank af verkry wat kitsbanke op die terrein beskikbaar gestel het.

Vechtkop Grasren Maatskappy bedank elke deelnemer en betrokke persone vir hul deelname en ondersteuning.

'n Baie spesiale dank gaan aan al die borge wat op die dag betrokke was.

Die beplanning vir Vegkop Grasren 2019 het alreeds begin. Teken solank die datum op die kalender aan, want 9 Februarie 2019 is alreeds vasgemaak vir die volgende pret om te begin.

Foto erkenning: Dawie Fourie

Marise Hattingh (Goedehoop gasteplaas en van Loveren) en Sherell Senekal (bestuurder van Standard Bank Heilbron).

Marise Hattingh (Goedehoop gasteplaas en van Loveren), Jon Wen (Maxxis bestuurende direkteur) en Sherell Senekal (bestuurder van Standard Bank Heilbron).



Sherell Senekal (bestuurder van Standard Bank Heilbron) en Riaan Joubert (17 jaar deelname).

Sherell Senekal (bestuurder van Standard Bank Heilbron) en Jeff Roos (verteenwoordig Hoogte Boere-vereniging wat die beste verteenwoordig was).



Sherell Senekal (bestuurder van Standard Bank Heilbron) en Edwin Wiggings (wenner van die 4x4 voertuig afdeling).

Sherell Senekal (bestuurder van Standard Bank Heilbron), Linda le Roux (grasren tweede plek) en Jacqui du Toit (algehele grasren wenner).

Sherell Senekal (bestuurder van Standard Bank Heilbron), Jacqui du Toit (algehele grasren wenner) en Tiaan Smith (Middas High Performance Vanderbijlpark).

Jan Purchase (wenner van die motorfiets 4x4 en die quarter mile) en Tiaan Smith (Middas High Performance Vanderbijlpark).